

AARTSBISKOP SE SKOKBRIEF AAN DONALD TRUMP

VSA TEREKSTELLINGS VOOR VUURPELTON

NOG GEEN BEROU BY FW DE KLERK

STRAF EN OORDEEL

EN MEER...

**DIE
VAANDELDRAER**





INDEX

AARTSBISKOP SE SKOKBRIEF AAN DONALD TRUMP	4
BIDEN SE DAE GETEL?	8
AMERIKAANSE TEREKSTELLINGS SAL VOOR 'N VUURPELTON GESKIED	9
CHINESE GELDWASSERY	10
NOG GEEN BEROU BY FW DE KLERK	12
STRAF EN OORDEEL	16

Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Ons kry deesdae dikwels navrae oor die moontlike volgorde van gebeure soos wat Siener dit vooruitspreek het. Maar omdat hy geen datums genoem het nie en net vir ons tekens gegee het, is dit moeilik om presies te bepaal hoe dinge in die toekoms gaan verloop.

Ten eerste, ons weet reeds dat Siener al in 1920 (100 jaar gelede) aan dr. Servaas Rossouw van Swellendam gesê dat wanneer ons die donker tyd ingaan en ons groot moeilikheid begin, sal die gebied tussen Plettenbergbaai en Swellendam die veiligste plek in die land sal wees.

Dis opvallend dat Siener Kaapstad uitgesluit het en ons hoef net na die onlangse gebeure by Brackenfell te kyk om te besef dat dit nie 'n veilige gebied is nie.

Daarom verbaas dit my nie dat letterlik duisende van ons medevolksgenote hulle oor die afgelope

dekades in die Tuinroete gaan vestig het nie. Baie het dit moontlik gedoen in reaksie op wat Siener voorspel het, maar ek glo by die meerderheid was dit 'n spontane reaksie en dat die Gees van die Almagtige hulle genoop het om daarheen te verhuis.

Siener het 'n paar belangrike tekens genoem waarvan ons moet kennis neem om 'n idee te kry van wanneer die dag kan aanbreek waarna hy verwys het "as die begin van ons dinge".

Daar sal 'n lang en uitgerekte droogte wees, het hy gesê. (Kan dit dalk die droogte wees wat oor die afgelope vyf jaar letterlike honderde boere op hul knieë gebring het?)

Toe het hy gesê die gras sal dan groen word en daarna weer widdroog. Wat kan beteken dat daar nog 'n winter moet kom en verbygaan.



En eers as die gras 'n tweede keer weer groen word (Siener noem spesifiek dat dit rondom die geelper-skereën sal wees – m.a.w. 15 Feb. tot 28 Feb.) sal ons dinge begin.

Dan sê hy sodra die ys in Europa begin smelt (Maart, April), breek die Derde Wêreldoorlog uit. Die belangrikste aanduiding hiervoor sal wees dat Russiese magte in een nag dwarsdeur Turkye gaan opruk.

En hy het dit baie duidelik gestel dat hierdie oorlog al goed op dreef sal wees voordat dit ons gaan raak.

Verder sê hy dat wanneer die vrou in blou en wit verdwyn, gaan hy wat Siener is (m.a.w. die volk, die stede verlaat en na 'n draadkamp (plek van veiligheid) in die weste beweeg (die draadkamp is 'n simbool van 'n veilige skuilplek, veral vir ons vroue en kinders). Hy sien 'n grys hoendertjie (die simbool van die vrou wat in die draadkamp invlug, terwyl sy deur 'n swart hoender agtervolg word. (Die swart hoender is weer 'n simbool van die vyand).

Na my mening is die vrou in wit en blou waarna hy verwys, koningin Elizabeth (sy het blou oë en is ook lief daarvoor om blou en wit te dra). Sy het juis onlangs aangekondig dat sy met haar 95ste verjaarsdag (21 April 2021) gaan afstand doen van die kroon. Prins Charles wat haar dan gaan opvolg, het onlangs gewaarsku dat Engeland binnekort 'n baie donker en moeilike tyd tegemoetgaan.

Volgens Roger Teale sal April/Mei 'n tyd van bloedige geweld in SA inlui.

Dit kan dalk saamval met Siener se gesig van 'n bekende swart man se doodskis wat in die graf afsak en vure (geweld) wat uitslaan en oor die land hardloop.

Moontlik kan dit ook die tyd wees wat hy gesê het ons kyk in die geweer se bek, dan klap 'n hand dit weg en sien hy hoe hulle (die swartes) op mekaar

skiet. Hierna kan die “gees van verskrikking” sy verskyning maak.

In 1920 het Siener aan 'n predikant, dr. Servaas Rossouw, gesê hy sien 'n vierde emmer bloed in die noorde van ons land omval wanneer die 'rooi kielhouer' (smeltkroes) oor ons gaan (die smeltkroes is 'n tyd van loutering). Die gesig wat oom Niklaas op 15 Januarie 1921 gesien het, spreek van 'n groot benoudheid wat die volk sal beleef — “Toe hoor ek: Die geroep van die volk gaat op tot God...” M.a.w. die volk verootmoedig hom nie net voor God nie, maar begin ook om bymekaar te staan en dis dan wanneer hulle dinge in eie hande gaan neem. Daarna sal hulle alles doodtrap wat voorkom.

Die vyand (Engelse, verraaiers en joiners) word tot in Durban agtervolg waar hulle, net met die klere aan hulle lyf op skepe vir goed die land verlaat.

Siener gee dan vir ons 'n beskrywing van hoe die Derde Boererepubliek tot stand sal kom) — “Ek sien 'n groot wonderwerk gebeur, en daarna sien ek die Vierkleur wapper oor 'n vrye volk. Boere en Duitse kommando's trek saam op in Afrika om die land weer veilig en bewoonbaar te maak vir die Wit man tot by die Ewenaar.

“Dit gaan met die tyd, maar almal is hier eensgesind en werk hier eendragtig saam. Ons word 'n groot en voorspoedige nasie en baie immigrante kom dan hierheen, en ons is nou Een Nasie, Een Taal, Een Wapen, Een Volk en (met) Een GOD...”)

AARTSBISKOP SE SKOKBRIEF AAN DONALD TRUMP

Op Sondag, 25 Oktober 2020 het aartsbiskop Carlo Maria Viganò, 'n voormalige ambassadeur van die Vatikaan in die VSA en uitgesproke teëstander van



pous Franciscus, die onderstaande brief aan pres. Donald Trump gerig:

Meneer die President

Laat my toe om u aan te spreek in hierdie uur waarin die bestemming van die wêreld bedreig word deur 'n wêreldwye sameswering teen God en die mensdom. Ek skryf aan u as 'n aartsbiskop, 'n opvolger van die apostels, as die voormalige Apostoliese pouslike gesant van die VSA. Ek skryf aan u midde in die stilte van beide bose en godsdienstige outoriteite. Mag u hierdie woorde van my aanvaar as die 'stem wat roep in die woestyn'.

Soos wat ek aan u in my brief in Junie geskryf het, is die magte van die Bose in hierdie historiese oomblik gereed vir 'n oorlog sonder genade teen die magte van God; die magte van die Boosheid kom voor as magtig en georganiseerd teen die kinders van Lig wat gedisorienteer, ongeorganiseerd is en deur hulle geestelike leiers verlaat is.

Ons merk daagliks die toename van hulle wat die basis van die gemeenskap wil vernietig: die natuurlike gesin, respek vir 'n menselewe, liefde vir die

land, vryheid van opleiding en besigheid. Ons sien die hoofde van nasies en godsdienstige leiers wat toegee tot hierdie selfmoord van die Westerse kultuur en sy Christelike siel, terwyl die fundamentele regte van burgers en gelowiges hulle ontnem word in die naam van 'n skyn gesondheidsnood wat homself meer en meer ontbloot as meer ten volle instrumenteel tot die vasstelling van 'n onmenslike gesiglose tirannie.

'n Wêreldplan wat genoem word die Groot Herset (Great Reset) is onderweg. Die argitek daarvan is die wêreld-elite wat die hele mensdom wil onderwerp, en maatreëls afdwing waarmee hulle die individu asook hele bevolkings se vryhede drasties wil beperk. Hierdie plan is al in verskeie lande goedgekeur en gefinansier, in ander is dit nog in die begin stadium. Agter die wêreldleiers is die Wêreld Gesondheids Organisasie medepligtig en ook die uitvoerders van hierdie verfoeilike projek. Daar is gewetenlose karakters wat die *Wêreld Ekonomiese Forum* en *Gebeurtenis (Event) 21* finansier en hulle agenda bevorder.

Die doel van die Groot Herset is die afdwing van 'n gesondheidsdiktatorskap gemik op die afdwing van vryheidsmoord maatreëls, verskuil agter verleidelike beloftes van die versekering van 'n universele inkomste en die kansellering van individuele skuld. Die prys van hierdie vergunnings van die Internasionale Monetêre Fonds, sal die afstand doening van privaat eiendom en die aanhang van 'n program van inenting teen Covid-19 en Covid-21 wat deur Bill Gates bevorder word in samewerking met die belangrikste farmaseutiese groepe. Behalwe vir die enorme ekonomiese belange wat die bevorderaars van die Groot Herset motiveer, sal die afdwing van die inenting gepaardgaan met die verkryging van 'n gesondheids paspoort en 'n digitale ID met die gevolglike kontaknasporing van die bevolking van die hele wêreld. Diegene wat nie hierdie maatreëls aanvaar nie sal opgesluit word in aanhoudingskam-



pe of onder huisarres geplaas word en al hulle bates sal gekonfiskeer word.

Meneer die President, ek kan my voorstel dat u alreeds bewus is daarvan dat in sommige land die Groot Herset geaktiveer sal word tussen die einde van hierdie jaar en die eerste semester van 2021. Vir hierdie doel word verdere inperkings beplan wat amptelik geregverdig sal word deur 'n veronderstelde tweede en derde vlag van die (sogenaamde) pandemie. U is deeglik bewus van die maniere wat ontplooi is om paniek te saai en drakoniese beperkinge op individuele vryheid te wettig. Hierdie krisis sal ten doel hê om die rigtingverandering van die nasies na die Groot Herset onomkeerbaar te maak en daardeur die finale slag toe te doen aan 'n wêreld wie se bestaan en herinneringe hulle totaal wil kanselleer. Maar hierdie wêreld, Meneer die President, sluit in mense se toegeneentheid, vaste gewoontes, gelowe, kulture, tradisies en ideale; mense en waardes wat nie soos outomate optree nie, wat nie soos masjiene gehoorsaam nie, omdat hulle toegerus is met 'n siel en 'n hart, omdat hulle almal saamgebind word deur 'n geestelike band wat krag van bo kry, van daardie God wat ons vyande wil uitdaag, net soos wat Lucifer gedoen het aan die begin van tyd met sy 'non serviam', die Latyn vir "ek weier om te dien".

Baie mense, soos wat ons almal weet, word kwaad as daar verwys word na die stryd tussen Goed en Kwaad en die gebruik van die apokaliptiese onder-tone wat, volgens hulle, die gees kwaad maak en verdeeldheid verskerp. Dus verbaas dit nie dat die vyand kwaad word as hulle uitgang word sodra hulle glo hulle het die vesting bereik wat hulle ongestoord wou verower nie. Wat egter verbasend is, is dat daar niemand is wat alarm maak nie. Die reaksie van die Diep State op hulle wat hulle plan bedreig, is gebroke en onsamehangend, maar verstaanbaar. Net toe die samewerking van die media daarin geslaag

het om die oorgang na die Nuwe Wêreldorde byna pynloos en ongemerk gemaak het, kom al hulle bedrog, skandale en misdade aan die lig. (Soos wat met die komende verkiesing gaan gebeur).

Tot 'n paar maande gelede was dit maklik om samesweringsteorieë te verwerp as komende van hulle wat die bose planne bedreig, van dit wat ons nou tot in die fynste besonderheid sien gebeur. Niemand sou tot onlangs gedink het dat in al ons stede burgers gearrester sou word eenvoudig omdat hulle met die straat afstap, of asemhaal, of om 'n besigheid aan die gang te wil hou, of om Sondag kerk toe te gaan nie. En tog gebeur dit nou dwarsoor die wêreld, selfs in die pragtige Italië wat deur baie Amerikaners beskou word as 'n klein, betowerende land met sy antieke monumente, kerke, sy mooi stede en sy karaktervolle dorpie. En terwyl die politici hulself verskans in hulle paleise, en uitvaardigings afkondig soos goewerneurs in Ou Persië, is besighede besig om te misluk, winkels sluit, en mense word verhoed om 'n bestaan te maak, te reis, te werk en saam te bid. Die rampspoedige psigologiese gevolge van hierdie operasie kan alreeds gesien word. Eerste daarvan is die selfmoord van desperate entrepreneurs; en kinders, afgeskei van hulle vriende en klasmaats, word aangesê om hulle klasse te volg by die huis alleen agter 'n rekenaar.

In die Helige Skrif praat Paulus met ons oor 'die teëstander', die manifestasie van die misterie van die sonde, die *kathèkon* (2 Thess 2:6-7). In die godsdienstsfeer is die struikelblok na boosheid die kerk. In die politiese sfeer is dit hulle wat die instelling van die Nuwe Wêreldorde verhinder.

Soos wat dit nou duidelik word, het die een wat sit op die Stoel van Petrus, verraad gepleeg van die begin af sodat hy die globalistiese ideologie kon bevorder en verdedig en die agenda van die Diep Kerk kon steun, hulle wat hom uit hulle eie geleedere gek-

ies het.

Meneer die President, u het dit reeds duidelik gestel dat u die volk wil verdedig – één volk onder God, fundamentele vryhede en nie-onderhandelbare waardes wat vandag ontken word en waarteen baklei word nie. Dit is u, my liewe President, wat die ‘teenstander’ van die Diep State is, die finale aanslag van die kinders van die duisternis.

Om hierdie rede is dit nodig dat alle goedgesindes oortuig word van die belangrikheid van die onvermydelike verkiesing, nie soseer ter wille van hierdie of daardie politieke program nie, maar ter wille van die algemene inspirasie van u aksies wat die wêreld die beste omvat, ons wêreld wat hulle wil kanselleer deur inperkings. U vyand is ons vyand: dit is die Vyand van die menseras, hy wat “’n moordenaar is van die begin af” (Jn 8:44).

U word omring deur mense met moed en geloof wat glo dat u die laaste garnisoen is teen die Dêrelddiktatorskap. Die alternatief is om te stem vir ’n persoon wat gemanipuleer word deur die Diep State, wat ernstig blootgestel is deur skandale en korrupsie, wat aan die VSA sal doen wat Jorge Mario Bergoglio aan die Kerk doen en die Eerste Minister Conte aan Italië gedoen het, wat President Macron aan Frankryk doen, wat Eerste Minister Sanchez aan Spanje doen, (wat De Klerk aan SA gedoen het), ens. Die omkoopbare aard van Joe Biden – net soos dié van die kerkvorste van die Vatikaan se ‘magiese sirkel’ – sal hom ontbloot dat hy gewetenloos gebruik is (dalk omdat Joe Biden nie baie slim is nie?), en daardeur onwettige magte toegelaat het om in beide huishoudelike politiek, asook internasionale balanse in te meng. Dit is ook ooglopend dat hulle wat hom gemanipuleer het, iemand erger as hy reeds gereed het, iemand met wie hulle hom kan vervang die oomblik as die geleentheid hom voordoet.

En tog, te midde van hierdie treurige vooruitsig, in hierdie oënskynlike onstuitbare voortmars van die

“Onsigbare Vyand”, kom daar ’n element van hoop te voorskyn. Die vyand weet nie hoe om lief te hê nie, en hy verstaan nie dat dit nie genoeg is om net ’n universele inkomste te verseker of om verband op eiendom te kanselleer om die massa te onderwerp en hulle daarvan te oortuig dat hulle gebrandmerk moet word soos vee nie. Hierdie mense wat vir te lank die verguising van ’n haatvolle en tiraniese mag moes verduur, herontdek nou dat hulle ’n siel het; hulle verstaan dat hulle nie gewillig is om hulle vryheid te verruil vir die homogenisering en kansellering van hulle identiteit nie; hulle begin die waarde van gesins- en sosiale bande verstaan, asook die band van geloof en kultuur wat eerlike mense saambind.

Die Groot Herset is gedoem om te misluk omdat hulle wat dit beplan nie verstaan dat daar steeds mense is wat gereed is om strate toe te gaan om hulle regte te verdedig nie, om hulle geliefdes te beskerm. om ’n toekoms aan hulle kinders en kleinkinders te gee nie. Die gelykmakende onmenslikheid van die globalistiese projek sal rampsalig versplinter in die aangesig van die ferm en dapper teenstand van die kinders van die Lig. Die vyand het Satan aan hulle kant, hy wat net weet hoe om te haat. Maar aan ons kant het ons die Almagtige God van die slagordes wat opgestel is vir oorlog. “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” (Rom. 8:31).

Meneer die President, u is deeglik daarvan bewus in hierdie kritieke tyd, dat die VSA beskou word as die verdedigingsmuur waarteen die oorlog deur die bevorderaars van globalisme losgelaat is. Plaas u vertrou op God, versterk deur die woorde van Paulus: “Ek kan alles doen in Hom wat my krag gee” (Fill 4:13). Om ’n instrument te wees van die Goddelike Voorsienigheid is ’n groot verantwoordelikheid, waarvoor u sekerlik al die gunste van die staat sal ontvang wat u nodig het, aangesien hulle ywerig pleit vir u deur baie mense wat u steun met hulle gebede.



Met hierdie hemelse hoop en die versekering van my gebede vir u, vir u vrou, en vir u samewerkers, met my hele hart stuur ek aan u my seënbede.

God seën Amerika!”

BIDEN SE DAE GETEL?

Die Christelike netwerk *TruNews* het 'n paar dae gelede bekend gemaak dat 'n senior amptenaar van Trump se Nasionale Sekuriteitskantoor in Washington (wat anoniem wil bly) hulle vertroulik meege-deel het dat die Departement van Justisie beskik oor al die bankoordragte van Chinese fondse na Hunter Biden se rekening en van Hunter se rekening na sy pa Joe Biden s'n.

Dis die miljoene dollar waaroor Tony Bobulinski op Donderdag 29 Oktober met Tucker Carlson van Fox News gepraat het en wat deur die Demokrate en media as leuens afgemaak word. Maar Bobulinski het gepraat as vriend en vertroueling van Hunter Biden.

Die amptenaar het verder gesê dat Joe Biden nié op 21 Januarie 2021 as die 46ste president van Amerika ingesweer sal word nie, omdat hy én sy seun Hunter, vóór daardie datum, albei in hegtenis geneem sal word. Hy het ook bygevoeg dat Joe Biden reeds daarvan bewus is en op die oomblik besig is met voorbereidings om te kapituleer. Die Departement van Justisie twyfel nie daaraan dat die Bidens vir baie jare tronk toe gestuur sal word nie.

Om te kapituleer is iets heeltemal anders as om toe te gee (te 'concede') dat jy verloor het.

Die Demokrate sal dan hulle hoop daarop vestig dat Kamila Harris as president aangewys sal word, maar volgens die amptenaar bepaal die konstitusie dat sou die verkose president nie meer beskikbaar wees

nie, is die kieskollege verplig om die staande president aan te wys. Dus is daar min twyfel dat Donald J. Trump die eer gaan hê om as die 46ste president van Amerika verkies te word.

Die amptenaar het ten slotte die volgende gesê: “Dit het nog nooit in ons geskiedenis gebeur nie en ons verkeer op die oomblik in onstuimige gevaar waters!” Hiermee het hy waarskynlik gewaarsku dat Amerika hom moet gereedmaak vir 'n burgeroorlog.

Na wat hy verneem het, is Trump waarskynlik ook hieroor ingelig en dat hy nou net die tyd afwag.

'n Woordvoerder van Trump se kantoor het gesê dat sou Trump herkies word, gaan die senaat 'n volledige ondersoek gelas na die verkiesingsbedrog en die skuldiges sal aangekla word. Voorts gaan verskeie Demokrate wat die afgelope 4 jaar die Trump-administrasie van ongegronde en vals misdade beskuldig het ook tot verantwoording geroep word. Dit sluit in Nancy Pelosi wat haar plek as hoof van die Huis van Verteenwoordigers verloor het, Christopher Steele, wat die Steele-dossier opgestel het en waarin Trump valslik beskuldig dat hy met die Russe gekonkel het om die 2016 verkiesing te wen, asook CIA-lede wat hierby betrokke was.

Ons sal maar moet wag om te sien of hierdie dinge gaan realiseer.

Dan wil ek net hier noem dat verskeie Amerikaanse predikers/profete oor die jare drome, gesigte of visioene gehad het dat Donald Trump nie net tot president verkies sou word. Nie, maar ook vir 'n tweede termyn.

Mark Taylor, van Orlando het al in 2011 'n visioen in hierdie verband gehad en het glo ook 'gesien' Trump word weer vir 'n tweede termyn gekies. In Oktober 2015 het hy 'gesien' dat Trump drie regters vir die hooggeregshof in sy eerste termyn gaan aanwys – iets wat nog nooit vantevore gebeur het nie.



Trump se derde benoemde regter was Amy Coney Barrett en sy is kort voor die verkiesing gekies.

'n Ander profeet Mario Marillo het ook geprofeteer dat Trump in 2016 president sou word. Op 1 November het hy egter in 'n droom gesien die 2020 verkiesing nie gaan verloop soos hy gedink het nie, maar dat daar aan die einde 'n groot verrassing wag en dat Trump weer herkies sal word.

Ook wat dit betref, sal ons maar moet kyk wat gebeur...

AMERIKAANSE TEREKSTELLINGS SAL VOOR 'N VUURPELTON GESKIED

Die Amerikaanse Departement van Justisie is in die proses om sy teregstellingsprotokolle te verander sodat federale teregstellings nie meer gedoen sal word alleenlik deur dodelike inspuittings of elektrokusie nie.

Die gewysigde verordening wat deur die AP (Attorney General) (Prokureur-Generaal), Bill Barr bekend gemaak is, laat die regering toe om loodinspuittings of "enige ander manier wat deur die wet voorgeskryf word om 'n vonnis te voltrek", toe te laat). Die verordening is op 27 November in die Federale Register gepubliseer.

Sekere misdade soos hoogverraad kan nou met 'n vuurpeloton uitgevoer word.

Ander maniere van teregstelling sluit in elektrokusie, inaseming van stikstofgas of dood deur vuurpeloton. Die gewysigde reël tree in werking op 24 Desember en kom op 'n tyd wat die Departement van Justisie vyf vasgestelde teregstellings het.

Volgens 'n amptenaar van die Departement van Justisie in Amerika is die rede vir die verandering dat die "Federale Doodstraf Wet vereis dat vonnisse uitgevoer word 'op die manier wat voorgeskryf word deur die wet van die staat waarin die vonnis opgelê is' en sommige van daardie state gebruik ander metodes as dodelike inspuittings."

'n Kommissie was saamgestel om die doodstraf te hersien en Prokureur-Generaal William Barr het in 2019 aangekondig dat die hersiening voltooi is. Hy het op daardie tydstip gesê dat hulle teregstellings van gaan hervat van gevangenis in die dodeselle, spesifiek vyf mans wat gevonniss is vir moord op kinders.

"Die Departement van Justisie handhaaf die wet – en ons is dit aan die slagoffers en hulle gesinne dit verskuldig om die vonnisse uit te voer wat opgelê is deur ons justisie sisteem," het Barr gesê.

'n Woordvoerder vir Joe Biden het onlangs aan die AP gesê dat Biden "die doodstraf nou en in die toekoms opponeer" en sal daaraan werk om die gebruik te beëindig.

President Trump het nie die stryd in die onlangse presidensiële verkiesing gewonne gegee nie en hy gaan voort om die uitslae wat deur die media organisasies geprojekteer is, te betwis. Daar is 'n hele paar hofsake op die lys om die gepubliseerde uitslae tot niet te verklaar.

Die vraag is: Hoekom sal Trump hom haas om 'n verordening in te stel wat vuurpelotons, elektrikusies en federale teregstellings weer sal instel as hy weet dat hy die amp as president gaan neerlê? Dit sal die laaste ding wees wat hy wil doen as hy uit die Withuis geskop gaan word en aan die genade van die Obama/Biden mob uitgelewer word wat hom vrolik sal teregstel vir hoogverraad voor 'n vuurpelotons!



The kamer waarin Ronnie Lee Gardner in 2010 doodgeskiet is voor 'n vuurpeleton.

Hieroor het Rump reeds in 2013 gesê: “There should be public execution for all to see – that will end this bullshit fast!”

CHINESE GELDWASSERY

Mense luister graag na die hoofstroom media, want hulle wantrou die inligting op die sosiale netwerke. Wat hulle nie weet nie, is dat die hoofstroom media meer van leuens hou as die waarheid. As gevolg van hulle verwronge siening, weet mense nie wat werklik aan die gang is nie.

In Julie 2020 het Natural News verslag gelewer oor hoe die Kaliforniese goewerneur, Gavin Newsom, uitgang is toe hy 'n half biljoen dollar na kommu-

nistiese China oorgedra het as deel van 'n “massiewe gesigsmasker geldwassery skema”.

Die hoofstroom media het selfs vroeër in April reeds sy aksies bevestig toe dit bekend geraak het dat hy 'n halfbiljoen dollar oorgeplaas het na die bankrekening van 'elektriese motorhandelaar in China, geld wat veronderstel was om “N-95 maskers” vir die Wuhan-koronavirus te betaal. Daar is egter nooit oor so 'n besluit gestem en dit is ook nie deur die wetgewer goedgekeur nie en toe Newsom gedruk is vir inligting oor die transaksie, het hy geweier om dit bekend te maak.

Hou in gedagte dat hierdie halfbiljoen dollar slegs die eerste van twee paaiemente was wat gesamentlik 'n volle biljoen dollars was wat na China gestuur is wat veronderstel was om te betaal vir gesigsmaskers



vir die Kaliforniërs – gesigmaskers wat in werklikheid nooit gearriveer het nie. Die elektriese motormaatskappy, BYD, het steeds die geld en het nog nie 'n enkele gesigmasker afgelewer nie.

Skokkende inligting kom nou vorendag wat aandui dat Georgia se goewerneur, Brian Kemp dalk betrokke is in presies dieselfde gekonkel. Hierdie staatsamptenare stuur enorme bedrae geld na China onder die dekmantel van “Covid-voorraad” en dan was China die geld in finansiële ‘kick backs’ (gunsloon) vir die Goewerneur se familie of besighede.

Dit is presies wat nou deur die prokureur, Lin Wood, beweer word en dit beskryf 'n skokkende patroon van Kommunistiese China infiltrasie en korrupsie van die VSA goewerneurs. Dit is hoe hy dit verduidelik:

“Ek glo dat Brian Kemp korrup is en ek dink hy is met Chinese geld omgekoop. En ek glo nie hy wil hê hierdie verkiesing moet omvergewerp word en die werklike uitslag geplaas word nie, want dan sal Brian Kemp van aangesig tot aangesig met die Trump Administrasie se Prokureur-Generaal te staan kom en Brian Kemp sal homself in die tronk bevind. Dit is eenvoudig. Hy het homself uitverkoop en nou probeer hy wegkruip en probeer om hierdie verkiesing geldig verklaar te kry selfs al is dit onwettig. Want as dit ongeldig verklaar word, sal Brian Kemp en baie ander Georgia-mense in die moeilikheid wees, die Minister van Buitelandse Sake ingesluit.

“Ek is 'n naamskending prokureur. Ek het in die openbaar gesê dat Brian Kemp en Raffensperger korrup is en dat hulle geld van die Chinese ontvang het vir die ‘Covid-transaksie, asook op die Dominion-transaksie. Ek kan u enigiets wed dat Brian Kemp my nie sal aankla van naamskending nie, want hy weet as hy dit doen, sal hy in die hof moet verskyn en dat ek dan sal kan bewys dat hy dit gedoen het, dat dit die waarheid is.”

Ander onafhanklike media bronne berig ook dat die Trump Administrasie, via die NSA, bewyse het van die finansiële transaksies wat toon dat Kemp en Raffensperger omkoopgeld van Kommunistiese China ontvang het. Trump het net gewag dat Kemp en Raffensperger die Georgia se verkiesingsuitslag te ‘sertifiseer’ voordat hy teem hulle optree vir kriminele bedrog en omkoperij.

Ons hoor nou dat Kommunistiese China 'n netwerk van finansiële samewerkingsgeld (kick backs) en omkoopgeld aan verskeie goewerneurs en staatsamptenare dwarsoor Amerika betaal het, insluitend Kalifornië en Georgia en baie ander gaan volg. In elke geval het goewerneurs en staatsamptenare enorme somme geld oorgeplaas na China se frontmaatskappye vir “Covid-voorrade” wat of nooit afgelewer is nie of afgelewer is as lae koste, swak kwaliteit items wat nie naastenby die waarde van die betaling is nie. 'n Gedeelte van die ekstra fondse is terugbetaal aan gesinslewe, asook spesiaal gestigte besighedsentiteite wat aan staatsamptenare gekoppel is, wat hulle dan beheer oor die onwettige fondse gegee het.

Daar word verwag dat die goewerneur van Oregon, Kate Brown, ook aandadig is aan hierdie selfde kriminele korrupsie skema. Dit is ook moontlik dat die New York goewerneur Cuomo self ook betrokke is.

In 1992 is daar 1 miljoen Ja-stemme in ons eie referendum hier in Suid-Afrika in die stembusse geplaas nog voordat die eerste stemme uitgebring is. Daarna is die blanke Afrikaanssprekendes eenkant toe gegooi en vertrap en hulle het nie geweet dat hulle uit hulle erfenis verneuk is deur liberaliste soos De Klerk, Roelf Meyer en ander nie.

Ons geskiedenis na daardie datum is deurspek van bedrog en leuens wat mense ongelukkig glo. Ons verkiesing in 1994 het dieselfde pad geloop.

In 2008 het hulle die verkiesing in Amerika ook op dié manier gemanipuleer sodat Obama president sou word en met sy verkiesing vir die tweede termyn in 2012 is dit weer gedoen. Maar niemand het daarteen beswaar gemaak nie, want dit sou “rassisties” wees!

Hulle het nie verwag dat Trump in 2016 sou wen nie en daarom was Hillary Clinton so geskok oor die uitslag dat sy in die hospitaal beland het. En nou met hierdie verkiesing wou hulle seker maak dat dit nie weer gebeur nie en het hulle hul hand heeltemal oorspeel.

NOG GEEN BEROU BY FW DE KLERK



Ek kry soms briewe van jong mense tussen 25 en 35 wat meer wil weet oor FW de Klerk se verraad. Die jongste brief kom van Johan Prins van Pretoria en hy skryf soos volg: “Ek was skaars sewe jaar oud toe mnr. De Klerk in 1990 sy ‘toespraak van die eeu’ gelewer het. My Pa wou nooit met ons kinders daaroor praat nie, maar ek het by ander mense baie ver-

skillende stories daaroor gehoor en weet nie wat die waarheid is nie. Deur ’n vriend het ek Vaandel Uitgewers ontdek en die bietjie wat ek oor mnr. De Klerk tot sover by julle gelees het, verskil heeltemal van wat ek op TV hoor en in die koerante lees. In Beeld was daar nou weer ’n artikel waarin mnr. De Klerk sê as hy die kans kry, sal hy weer alles doen wat hy in 1990 gedoen het. Wat is hierdie alles en hoe het dit ons geraak?”

Die berig waarna Johan verwys, het betrekking op ’n dialoog webinaar van die Afrikanerbond op 11 November waarin FW de Klerk gesê “hy sou al die groot besluite van destyds weer neem”.

Daar is dus nog geen berou en geen skaamte by De Klerk oor die ellendige toestand waarin hy Suid-Afrika en al sy inwoners gedompel het toe hy aan die Kommunistiese ANC oorgegee het nie. Nie net is die Blankes van hulle politieke mag gestroop en bywoners in hulle vaderland gemaak nie, maar ook die Nie-blankes het in armoede en werkloosheid verval.

Op ’n vraag waarom hy daardie besluite geneem het, het De Klerk ontken dat dit onder druk gedoen was. Hy het gesê dit was die gevolg van die gewetenskrisis waardeur die NP en die kerke in die land gegaan het. De Klerk het gesê dat as hulle nie die onderhandelings gevoer en die mag aan die ANC oorgegee het nie, “sou Suid-Afrika in ’n groot, reuse-krisis verval het. Die bloed sou in die strate gevloei het”. Toe voeg hy by: “Al die groot besluite wat ek destyds geneem het, sou ek weer neem met al die kennis wat ek vandag het”.

Die hoofsekretaris van die HNP, mnr. Louis van der Schyff se antwoord hierop is: “Ek weet nie van watter kennis De Klerk praat nie, maar die kennis wat ek het, is dat Suid-Afrika op sy knieë is sedert die oorgawe. Die land is ekonomies bankrot. Werkloosheid groei by die dag; die staat se mediese versorging laat enorme vroe ontstaan; staats- en semi-staatsondernemings het in duie gestort; volkere verhoud-



ings versleg deurlopend; terrorisme teen die Witman vererger by die dag; plaasmoorde neem toe en niks word van regeringskant gedoen om dit te bekamp nie. In kort: daar is niks goeds in die land oor nie. En De Klerk sê sy gewete het hom gedwing om die oorgawe te voltrek. Hy sal dit weer doen, want sy gewete spreek hom nie aan oor die toestand wat uit die oorgawe aan die ANC gevolg het nie”.

Tot sovêr mnr. Van der Schyff se mening oor De Klerk se kommentaar.

Van ons kant wil ons net byvoeg die bloed vloei reeds op ons plase en in ons strate. Na skatting is daar al sowat 70 000 Blankes in Suid-Afrika vermoor vandat De Klerk sy R38 miljoen-Judaloon ontvang het om aan die Kommunistiese ANC oor te gee.

Maar daaroor kla sy gewete hom nie aan nie; ook nie oor die feit dat dit deur sy toedoen was dat sy eie vrou vermoor is nie, dit nadat hy skaamteloos met ’n Griekse egbreekster ’n verhouding aangeknoop het; nog minder pla dit hom dat deur sy toedoen daar vandag meer as 600 000 Blankes in plakkerskampe sit.

Hy is ook daarvoor verantwoordelik dat ons volk in twee geskeur is en daar geen samehorigheid is nie. Met aan die een kant Piet Retief en sy manne wat die liberale been verteenwoordig en Andries Pretorius-hulle die behoudende been.

Piet Retief het (net soos FW de Klerk) geglo dat onderhandeling en ooreenkomste met die vyand die antwoord is. Teenstrydig met wat die Woord aan ons voorhou dat jy met God se vyand géén ooreenkoms mag sluit nie.

Ook het Retief in geen stadium vóór sy aankoms by Dingaan se kraal in Februarie 1838, die behoefte geopenbaar om hom tot God te wend en te vra vir beskerming, hulp en bystand vir hom en sy manne nie.

In teenstelling hiermee het Pretorius én sy manne hulle vir sewe dae lank agtereenvolgens voor hul Skepper verootmoedig en in alle nederigheid sy beskerming, hulp en bystand afgepleit.

Ons word uitdruklik verbied om met sy vyande ooreenkomste aan te gaan of met hulle te onderhandel of hulle vrede en geluk te soek, want doen jy dit, trek jyself die swaard agter jou uit ... soos wat Piet Retief en sy manne met tragiese gevolge moes ondervind. En omdat De Klerk en sy manne namens die hele volk by KODESA gaan onderhandel en ooreenkomste aangegaan het, het daar sedertdien al duisende van ons voor die skerpte van die swaard geval!

En anders as Sarel Cilliers en Andries Pretorius het nóg De Klerk, nóg Roelf Meyer in enige stadium vóór KODESA I (1991) óf KODESA II (1992) ’n beroep op geestelike leiers gedoen om daarvoor te bid. Hulle het (soos Retief) op hul vleeslike arm staategemaak om die saak te beklink.

En vandag, na tien duisende moorde op FW de Klerk se eertydse ondersteuners en volgelinge, soek jy tevergeefs in ’n koerant na ’n trooswoordjie van hom vir die duisende bedroefde families en vriende, soek jy tevergeefs op ’n begrafnisfoto na sy gesig met ’n traan in die oog.

Nee, skaamteloos en met ’n breë glimlag gee hy ons die versekering: “Gee my net die geleentheid en ek sal dit alles wéér doen!”

Terwyl hy erken dat hy die land weer sal oorgee, spog hy op die voorblad van Rapport van 25 Oktober 2009 dat hy sal bly “VEG VIR AFRIKAANS!” Dis ’n infame leuen, want hoe kan hy “veg vir Afrikaans” as hy dié wat dit geskep het, openlik verag? Of het u hom óf Tim du Plessis, Piet Croukamp, Max du Preez of Jan-Jan Joubert al ooit gehoor waar hulle medelye betuig teenoor die naasbestaendes van ’n vermoorde blanke man, vrou of kind?

Nee, solank die volk bestaan, sal Afrikaans vir homself veg.

Dertig jaar lank al predik die kerk vergifnis, liefde en hande vat. Sondag na Sondag word dit by gemeentes landswyd ingehamer. Selfs 'n Angus Buchan het honderde duisende om hom versamel, en verkondig met trots aan hulle: "Ek, Angus Buchan (nie die Almagtige nie), het Suid-Afrika vir Christus omgekeer!" Maar as dit dan so is, WAAR is die resultate? Hoekom sien ons niks daarvan nie? En hoe is dit moontlik dat al Buchan se duisende bekeerlinge, al die dominees, pastore en priesters se preke, al die lofsange, al die hallelujas nog nie vir één enkele dag die vloek van die swaard van ons teruggehou het nie?

In Desember 1992 bel Roelf Meyer FW De Klerk uit Amerika en deel hom mee dat die Clinton-administrasie onmiddellik die afdanking van 'n aantal generaals in die SAW eis, want dit sou aan die ANC bewys hy is ernstig oor die Kodesa-onderhandelings wat gedreig het om plat te val. As rede moes daar aangevoer word dat die generaals besig was met 'n komplot om verraad te pleeg.

En op Saterdag 20 Desember 1992 maak De Klerk toe die aankondiging dat hy 23 van sy weermag-generaals afgedank het. In die notules van 'n vergadering wat kort daarna tussen die Prokureur-Generaal van die Witwatersrand se weermagoffisiere en regter Pierre Steyn plaasgevind het, het die Prokureur-Generaal erken dat daar géén enkele bewys teen enigeen van die generaals bestaan nie.

En tot vandag toe kon De Klerk nog nie bewys dat één van hulle hom ooit skuldig gemaak het aan enige misdaad nie, ook nie dat hulle betrokke was by 'n komplot of verraad nie, nog minder dat hulle die wapen neergelê het, óf (soos hy) omkoopgeld ontvang het om verraad te pleeg, óf (ook soos hy) in die openbaar vir sy mense gelieg het oor eie skole, eie woonbuurte of Christelike onderwys...

Dieselfde vraag wat ons vantevore aan De Klerk en sy Nasionale Party gevra het, is nou weer ter sprake, nl. as dit wat hulle gedoen het (die vrylating van Mandela, die ontbanning van die ANC en die afskaffing van apartheid), dan so 'n goeie ding was soos wat De Klerk steeds volhou, en skaamteloos sweer dat hy dit wéér sal doen as die geleentheid hom net wil voordoën, waarom het die NP dan tot niet gegaan?

Dis nie net die NP wat uit die laer gedros het nie, maar van ons bekendste regsgeleerdes, professore, medici, wetenskaplikes, koerantredakteurs, sake-manne, onderwysers, predikante en ook die sogenaamde room van ons skrywers, het ook fluks die afdraaipad gevat.

Siener van Rensburg het 106 jaar gelede al voorspel dat FW De Klerk sy volk gaan verraai.

Op 1 Augustus 1914 sien hy dat in die tyd wat die Sowjetunie verbrokkel, verskyn die SEWENDE LEIER van die NP by Vereeniging op die toneel. Hy is nog redelik jonk met 'n gladgeskeerde gesig. De Klerk wás die sewende leier, parlamentslid van Vereeniging, redelik jonk (52) en gladgeskeer. Siener het altoos gesê as hy 'n glad geskeerde manspersoon sien, is hy 'n verraaiër.

Kort nadat Mandela vrygelaat is, het twee van ons Hertzogprysweners, Etienne van Heerden en André P. Brink, deelgeneem aan een van die ANC se reuse-optogte ter viering van hul nuutgevonde vryheid. Brink het later erken dat hy tydens die optog vir 'n swart kroeshaarnooi ogies gemaak het en 'n uur of wat later met haar in die bed gespring het. Op sy beurt het Van Heerden weer verklaar: "Dit was so bevrydend, so wonderlik om na jare van apartheid 'n hand te kon uitsteek en te sê 'ek is jammer'. En agterna het hy by sy kinders gaan spog: "Dit was my bydrae vir 'n goeie saak..."

Watter goeie saak? wil 'n mens vra. En hoe op gods aarde is dit moontlik dat 'n 'goeie saak' só gou, só



sleg kan ruik?

Selfs 'n Flip Buys van Solidariteit en Jaco Kleynhans van die Orania-Beweging het die saamtrek van konserwatiewe blankes in 2015 op kerkplein teen die vandalisering van ons volksmonumente, skerp veroordeel. Tydens 'n onderhoud met Beeld het hulle gesê. "Ons distansieer ons van sulke **ekstremistiese en rassistiese** optrede."

Die ANC en ons ander vyande het hulle ook net so 'gedistansieer' van die groepie behoudendes wat opgestaan het vir die beskerming en behoud van ons historiese en volkseie erfenisse?

Volgens die politici, die kerk en sy Skrifgeleerdes is hierdie wandelaars van die ou paaie godsdienstige ekstremiste (prof. Andries Raath), kettters (prof. Johan Malan), verkondigers van 'n dwaalleer (prof. Ben du Toit) en 'n klomp idiote (Flip Buys van Solidariteit).

Suid-Afrika was vóór die moord op dr. Verwoerd een van die **mees geseënde lande ter wêreld**, en in daardie tyd het Siener se wit seiltjie ons as 't ware bedek. Selfs die houthakker en waterdraer het sy plek geken.

Maar wat was die resultaat nadat al hierdie Bybelse voorskrifte deur De Klerk se toedoen weggeval het?

God se profete het ons tevergeefs gewaarsku:

Eseg. 21:31 "En Ek sal oor jou my toorn uitgiet ... en jou oorgee in die hand van **barbare**, mense wat **verderf** smee." **Eseg. 23:28** "Kyk, Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat **jy haat**." **Deut. 28:51** "En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land **opeet** totdat jy **verdelg** is..."

Dit alles sou nooit met ons gebeur het as ons nie toegelaat het dat ons land, ons volk, ons kinders se toekomst, ja, selfs die God wat ons aanbid, op die

altaar geoffer word, net omdat ons die barbaar ter wille wou wees.

Soos 'n Moses, Gideon en Sarel Cilliers moes ons op Hom vertrou het om ons uit die hande van die sprinkaanswerm Kusiete te red; want net soos Gideon se volk, het ons ook 'n Gelofte met die God van Abraham, Isak en Jakob gesluit.

Daar is 'n verstommende ooreenkoms in wat met Israel in Gideon se tyd gebeur het en later met die Boervolk se nageslag. En dit was dan seker ook nie toevallig dat Sarel Cilliers met die eerste aflegging van die Gelofte by Bloedrivier op 9 Desember 1838, 'n gedeelte van Gideon se verhaal uit Rigters 6:1-24 voorgelees het nie. Hier is net enkele verse daaruit: "Want as Israel gesaai het, (dan het die Midianiete) die opbrings van die land ... verwoes, en hulle laat geen lewensmiddele, geen skaap of bees of esel in Israel oorbly nie. Want hulle het met hul vee en hul tente opgetrek en gekom soos sprinkane in menigte ... so het hulle dan die land ingekom om dit te verwoes. En Israel het deur die Midianiete baie arm geword, maar die kinders van Israel het die HERE aangeroep ... vanweë die Midianiete..." (Net soos wat die Trekkers Hom aangeroep het vanweë die Kusiete. En soos ons Hom aanstons weer sal aanroep vanweë die Kusiete!)

Nadat Sarel Cilliers die gedeelte voorgelees het, is die Gelofte afgelê, met 'n kragtige smeekgebed om Gods hulp en bystand in die volbringings van die Gelofte.

En net soos wat die Almagtige destyds vir Gideon bygestaan het om die Midianiete te verslaan, so het Hy ook met die Trekkers gedoen, en hulle het die Kusiete by Bloedrivier verslaan.

Net soos Judas het De Klerk ook langs Hom aan tafel gesit toe Hy sy hand in die skottel gestee het, die brood geneem en saam met Hom geëet het. Toe het hulle altwee vinnig opgestaan en na buite geloop

waar die priesters op hulle gewag het.

En vir De Klerk en Judas is beide dertig silwerstukke afgeweeg.

Daarna het die owerpriesters en skrifgeleerdes gekom en Hom in boeie geslaan.

Toe die haan daardie oggend kraai, het Judas berou gekry oor sy verraad, die 30 silwerstukke weggegooi en homself loop ophang. En nogtans het die Meester van hom gesê dit sou vir hom beter gewees het as hy nie gebore was nie...

STRAF EN OORDEEL

Oor 'n tydperk van drie en 'n halwe eeu het die Boervolk sy ontstaan gekry en deur 'n worstelstryd met Engeland sy Godgegewe eiendom probeer behou. Uiteindelik was dit verraaiers van binne wat die volk tot 'n val gebring het. Ons het egter nooit ander volke aangeval nie, maar is deur hulle aangeval.

Hier aan die begin van 21ste eeu staan ons weereens sonder land en sonder 'n eie regering, bywoners in ons eie grondgebied. Mens voel soms lus om maar oor te gee en toe te laat dat alles van ons weggevat word. Wat maak die stryd nog saak as jou eie mense teen jou werk?

Noudat ek Johanna Brandt weer van vooraf moes deurlees en verwerk en bywerk, het ek besef dat uit al die volke en nasies op aarde, uit al die biljoene mense, het God ons klein blanke volkie hier aan die suidpunt van Afrika, die Boervolk, uitgekies om te beskerm teen wat kom. Ons sal verseker deur die smeltkroes moet gaan, want ons het verraaiers en rugstekers onder ons wat deur Hom uitgeroei moet word, maar die opregte sal beskerm word.

Oor baie eeue het Engeland oorlog gemaak net waar hy gekom het. Hy het wettige regerings tot 'n val gebring en oorgeneem ten koste van die mense in die land. Hy het meer ellende, armoede en verguising vir die wêreld se volke gebring as enige ander land buiten Amerika. Sy wreedheid teenoor vroue en kinders het ons eie voorgeslagte ondervind. Engeland het bevolkings met geweld en sluide aan sy gesag onderwerp en hulle rykdomme dan roekeloos geplunder.

Hulle gaan egter nie ongeskonde daarvan afkom nie. Amerika het in die laaste eeu hierdie selfde pad gevolg en oor daardie land het die BoodsAPPER gesê dat Amerika geweeg en te lig bevind is. Engeland het vir hom kolonies bymekaar gemaak, Amerika stook lande se bevolkings teen mekaar op en werk vir 'n Arabiese Lente waarna hulle dan 'n regime-verandering doen en hulle eie marionette-regering in daardie land instel.

Weens hierdie roekelose najaag van mag, staan ons op die vooraand van die Derde Wêreldoorlog en Siener het gesê dat aan die einde daarvan Engeland se stoel leeg sal wees (hy sal nie meer bestaan nie), en Amerika sal 'n klein en onbenullige landjie wees. Van sy meer as 370 miljoen burgers gaan daar bitter min oorbly, waarskynlik minder as wat ons eie volk sal wees. Hierdie twee lande is en was nog altyd ons vyande, want hulle het in die geheim beplan om ons rykdomme te steel – wat hulle dan ook reggekry het met hulp van ons eie mense deur die Broederbond en die pers wat die volk mak gemaak het.

Siener: Die sewende plaag: “Ek sien daar staan 'n bont vark. Ek plaas my een hand om die voorpote en die ander hand om die agterpote en met een slag pluk ek sy pote onder hom uit dat die vark omval. En dit is dan ons (die Boervolk) se aandeel aan die ondergang van Engeland...”

Daar is bespiegeling hieroor. Dit kan wees dat Engeland nie meer ons land tot sy eie voordeel sal kan



plunder nie en dan ondergaan omdat hy nie meer genoeg geld het om te doen wat hy wil doen nie.

Johanna sê: “Wie die mens se bloed vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word — ja, deur sy eie mense! Want dit is aan my gesê dat Engeland sal nog eendag die bittere vrugte pluk ... toe dit sy politiek was om te werk met die laagste hartstogte van ons volk — toe Boer omgekoop is om Boer om te bring.”

Mense sê: Wel, die wêreld behoort aan Satan en ons is in sy domein. Ons moet maar aanvaar dat dit is hoe dinge hier op aarde werk. Dis nié hoe dit werk nie.

Maar hoekom sê Siener én Johanna (wat mekaar nie geken het nie) albei dat Engeland vernietig gaan word?

Openbaring 13:10 sê: “As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, **moet hy met die swaard doodgemaak word.**” En ook in Gal. 6:7 “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.”

Amerika en Engeland het geweld en vernietiging gesaai en dit is wat hulle albei gaan maai. Hulle en China het die wêreld verkneg met dwelms, hulle beheer bevolkings van lande wat nie aan hulle behoort nie, hulle het die mense met die laagste morele standarde in volke gebruik om hulle vuilwerk te doen. Die gety is reeds besig om teen hulle te draai.

Met die presidentsverkiesing in Amerika is dinge oopgevelek waaruit dit duidelik geword het dat Amerika uiteindelik in ‘n burgeroorlog gaan eindig. Oor die dekades het hy oorlog in ander lande gestook, maar



nooit self die prys betaal nie. Wat die uitslag van die verkiesing ook al uiteindelik gaan wees, hulle gaan geweld en burgeroorlog tegemoet.

Indien Biden wen, gaan die Republikeinse deel van die bevolking die uitslag waarskynlik nie aanvaar nie, want dan sal Antifa en BLM weer in volle krag terugkom om die lewes van die republikeine 'n hel te maak. Biden het reeds gesê dat hy die Amerikaners gaan ontwapen – die eerste groot stap na volslae Kommunisme. As Trump wen, gaan die Demokrate dit nie aanvaar nie en hulle gaan weereens met geweld antwoord.

Soos wat die besprekings op die Internet uitkom en bewyse van bedrog aan die kant van die Demokrate vorendag kom, kom daar ook inligting uit waarvan mens nie geweet het nie. Die sagteware-program waarmee die stemme in meeste van die state getel is, is maklik toeganklik vir enigeen wat iets van programmering weet. Daar is 'n funksie in die program ingeskryf waarmee stemme met die druk van 'n knoppie geswaai kan word van die Republikeine na die Demokrate. Dit het ook aan die lig gekom dat in baie state die stemme deur 'n firma in Venezuela getel is! Venezuela is in die magsgreep van China en Biden is deur China gedreig dat hy in groot moeilikheid is as hy die verkiesing verloor. Mense in Duitsland het ook die Dominium-masjiene gehad en elke nou en dan het hulle stemme vir Trump oorgeskakel na stemme vir Biden. Dit alles sal in detail in die hof uitgebring word.

Ons sal teen 4 Desember weet wat die finale, amptelike uitslag is en dan sal ons moontlik 'n baie donker Kersfees tegemoet gaan. Suid-Afrika is deel van die Bricslande (Brazil, Rusland, Indië, China en SA). Daar word geglo dat hierdie lande teen 2050 die toekomstige voorsieners sal wees van vervaardigde goedere, dienste en rou materiaal. Aan die anderkant word Amerika beskou as die toekomstige wêreldleier, ander meen dis China. Die engel het egter anders vir

Johanna Brandt gesê en Siener het gesê dat Amerika 'n klein en onbenullige landjie gaan word. China is nie eens genoem nie.

Kan 'n mens teen 'n profesie beswaar maak? En wat dan van die een van Siener oor die blanke touleiertjie wat by die swarte oorneem en dan maal die osse en word die blanke seuntjie platgetrap?

As 'n mens na die verkiesingsonrus in Amerika kyk, dan is dit moeilik om hierdie een te verstaan. Trump het oorgeneem by die swarte, maar wat gaan die uiteinde wees? Hy het gesê hy gaan die soldate uit Afganistan en Irak terugbring waar hulle al dekades lank tevergeefs baklei. Die weermag hou nie daarvan nie, maar dis wat Trump gesê het hy gaan doen. Joe Biden het homself klaar as president verklaar – nou watter een van die twee gaan dan vertrap word? Op die oomblik lyk dit asof Trump uiteindelik deur die hofsake as die wenner gaan uitstap. En as dit Biden is? Hy het reeds aangekondig dat hy die verkiesing gewen het en dus kan dit hy wees wat vertrap word.

Wat ook al die uitslag, ons moet gereed maak vir 'n donker Desember en Januarie. Die spul aan bewind in ons land wil weer 'n Fase 5 Lockdown instel, so word daar in elk geval gepraat. Dit sal die finale nekslag vir ons ekonomie wees. Die swart gemors sit reeds gereed om plase te vat om vir Chinese te gee. Hulle koop deesdae Bonsmara kalwers op sodat hulle op Godegewe Boeregrond kan boer. Moenie beeste aan die regering verkoop nie. Dit verhaas ons donker tyd.

Johanna skryf oor wat die BoodsAPPER aan haar gesê het: "Terwyl die hele wêreld gereinig word van ongeregtigheid en die Lig oor hulle sterker skyn, word van Engeland in die besonder finale rekenskap geëis oor sy vele oorloë van sy uitermatige hebsug, geweld en bedrog. Die loutering sal tyd neem, maar dit sal geskied. Want die meule van God maal langsaam; maar dit maal baie, baie fyn!"



Engeland sal eerste in die smeltkroes ingaan en laaste uitkom. Die BoodsAPPER het aan haar gesê dat “hulle gaan geteister word deur bloedige rewolusie, hongersnood en die afskuwelike pestilensies as gevolg van kannibalisme.” ‘n Verskriklike hongersnood is dus hulle voorland. Daar is miljoene van die kopdoeke in daardie land, ook swartes uit Afrika, Chinese, elke denkbare euwel vestig hulle daar en hulle teister die wettige inwoners elke dag. Is ons jammer vir die Britte? Eintlik voel ‘n mens niks. Dit wat hulle oor ons gebring het, kom nou oor hulle en hulle gaan nog baie duur vrugte pluk.

Sal dit dalk wees oor wat hulle onder andere aan die Iere gedoen het? In die agtiende eeu tydens ‘n ernstige droogte het die Britte die Iere se hele aartappeloes gekonfiskeer en selfs die paar aartappels wat die Iere begrawe het om te kon oorleef, is deur die Britte uitgegrawe en ook gevat. Die gevolg was dat daar drie miljoen Iere aan honger gesterf het.

In ons land het hulle plase afgebrand en ons vroue en kinders in die kampe vermoor of hulle het van honger gesterf. Hulle is mishandel, verkrag en vertrap.

Elke land en volk sal in hierdie laaste groot oorlog wat nou voorlê, beloon word vir wat hy was, vir dit wat hy gedoen het aan ander. Almal sal deur die finale smeltkroes móét gaan en min sal anderkant uitkom. In Engeland se geval sal daar byna niemand uitkom nie en Amerika gaan verklein tot niksseggend.

En soos wat die verse oor vergelding op hierdie twee lande in die besonder toegepas kan word, word dit ook op individue toegepas. Elkeen wat sy volksgeenoot verraai het of benadeel het ter wille van geld, sal genadeloos vergeld word vir sy optrede.

Johanna sê ons volk word gelouter, die volk word skoongemaak van verraaiers en rugstekers, mense wat hulleself verryk ten koste van ander, wat voordeel trek uit ander se ellende. Ons Boervolk word

ook gestraf en gesuiwer, maar vir dié wat hulle vertrou in God stel en wat die pad reg geloop het, wat hulle nie skuldig gemaak het aan verraad, selfverryking, ens. nie, is daar ‘n wit seiltjie van beskerming deur ons Skepper belowe.



HIERDIE NUUSBRIEF WORD MOONTLIK GEMAAK DEUR DONASIES

**Hierdie nuusbrief word moontlik gemaak
deur donasies**

Aan u almal wat ons so getrou gedurende die afgelope meer as
20 jaar ondersteun het, wil ons ons opregte dank oordra.

Bankbesonderhede:

Vaandel Uitgewers
Standard Bank
Rek. Nr. 188 263 217
Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za